**Wie is Jesus?**

**Joh 7:25-52**

**1 Junie 2025**

1. Vantevore: Baie opinies oor wie die Here Jesus is. Dit is egter net gelowiges wat Hom werklik ken, en wat met gesag oor Hom kan praat. Al die ander kan hoogstens spekuleer.
2. Res van Joh 7: Nog baie opinies, tog leer ons baie van die Here Jesus in die debat
3. Is die Here Jesus dalk die Christus? (Joh 7:25-26)
    a. Stilswye van die leiers laat die Jode wonder of Jesus die Christus is
4. Die herkoms van die Here Jesus (Joh 7:27-29)
    a. Vir die Jode is Jesus se herkoms uit Galilea nie in lyn met die verwagte Christus se herkoms nie
    b. Jesus sê hulle ken Hom nie – Hy kom van die Vader af
    c. Ons leer: Jesus is Seun van God, gestuur deur die Vader, Hy ken die Vader
5. Van die Jode wil Jesus arresteer (Joh 7:30-31)
    a. Jode wil, maar kan Jesus nie arresteer nie – was nog nie Sy uur nie
    b. Ironie: Latere arrestasie sou juis lei dat Hy Sy werk as Christus doen
6. Die Joodse leiers wil die Here Jesus arresteer (Joh 7:32-34)
    a. Leiers wil hulle gesag gebruik om Jesus te arresteer deur tempelwag
    b. Jesus sê Hy gaan binnekort weg, na Sy Vader toe – hulle sal moet opskud, as Hy weg is kan hulle Hom nie meer kry nie
    c. Ironie: Latere arrestasie was nie Jesus se einde nie, maar lei daartoe dat Hy onaantasbaar geword het
7. Die Jode wonder waarheen die Here Jesus beplan om te gaan (Joh 7:35-36)
    a. Jode dink Jesus gaan na Jode in verstrooiing en Grieke
    b. Ironie: Toe Jesus weggaan is dit juis wat Hy Sy dissipels beveel om te doen
8. Die Here Jesus se belofte van lewende water (Joh 7:37-39)
    a. Jesus sê: As iemand dors het moet hy by Hom kom drink (vgl Joh 4:10)
    b. Lewende water = Heilige Gees
    c. Lewende water borrel op in die persoon tot die ewige lewe (Joh 4:13-14)
    d. Lewende water vloei ook uit die persoon uit na ander
    e. As Jesus weggaan, stuur Hy Heilige Gees na gelowiges – hulle gaan na die Jode in verstrooiing en Grieke
9. Nog opinies oor die Here Jesus (Joh 7:40-44)
    a. Jesus is die Profeet en die Christus
    b. Jesus kom ook uit Betlehem uit Dawid se nageslag – Hy is Opperkoning met alle gesag
10. Die tempelwag kan nie die Here Jesus arresteer nie (Joh 7:45-49)
    a. Tempelwag was onder die indruk van Jesus se gesag – Jesus het alle gesag
    b. Ironie: Gesag van die leiers is ondergeskik aan Jesus se gesag
11. Nikodemus draai ook teen die Joodse leiers (Joh 7:50-52)
    a. Nikodemus draai teen Fariseërs ten gunste van Jesus
    b. Ironie: Gesag van die leiers ondermyn – verdeeldheid in eie geledere
12. Opsomming
    a. Ondersteun Johannes se doel met sy evangelie: Jesus is die Christus, Seun van God, geloof in Hom lei tot die ewige lewe
    b. Die Here God gebruik die loop van wêreldgebeure om Sy plan uit te werk